

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 7-11 APRIL 2008

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 4 April 2008	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	30396	+434 (+1.44%)	Toename
Nywerheidsindeks	24065	+481(+2.03%)	Volatiel
Goudindeks	2429	-128(-5.0%)	Volatiel
Finansiële indeks	20563	+525(+2.62%)	Toename
Rand/\$	R7.88	-24(-3.0%)	R7.70\$-R8.00/\$
Goudprys	\$914	-18(-1.93%)	\$910- \$940
Dow Jones	12609	+393 (+3.2%)	Volatiel
Nikkei	13293	+473 (+3.7%)	Volatiel
FTSE-100	5947	+255(+4.5%)	Volatiel
Hang Seng	24264	+979(+4.2%)	Volatiel
SA Eiendomsindeks	312	+5(+1.6%)	Toename
R157	8.96%	-26(-2.81%)	Toename

Positiewe vooruitsigte vir die VSA behuisingsdilemma, asook minder resessie-rampe het verlede week tot positiewe sentiment op wêreld-aandelemarkte gelei. Alhoewel die VSA ekonomie nog 80 000 werksverliese gedurende Maart ervaar het, was die syfer minder as verwag (100 000). Die Dow Jones het met 3.2% gegroei met 'n sterk herstel in Londen (4.5%), Japan (3.7%) en Hong Kong (4.2%). Dus word daar verwag dat Asië en Europa tydens hierdie week se opening hoër sal beweeg. Die nuus van OPUL oor die naweek dat hul nie die huidige wêreldvoorraad van olie sal verhoog nie en dat hul tevrede is met 'n olieprys van meer as \$100, het nietemin daartoe gelei dat oliepryse bestendig naby \$107 gehou is en ondersteun is deur vrese van verdere dollar swakhede en OPUL se ongewilligheid om produksie te verhoog. Ekonomie wêreldwyd voel tans dat daar sterker ekonomiese aktiwiteit in 2009 sal wees. Dit beteken strammer metaalmarkte en stygende onedelmetale en ysterertspryse.

Na 'n sterk afwaartse korreksie in die pryse van goud en platinum vroeg verlede week, het die ALSI op die JSE onder druk gebly. Ten spyte hiervan het die gunstige nuus op die Zimbabwe verkiesing en 'n herstel in kommoditeitspryse verlede Vrydag tot 'n positiewe week vir meeste aandelepryse op die JSE bygedra. Die ALSI indeks het met 1.4% gestyg, terwyl die finansiële indeks met meer as 500 punte (2.62%) gestyg het en die nywerheidsindeks met 481 punte (2.03%). Ons verwag weereens dat die JSE hierdie Maandag hoër sal open soos wat kommoditeitspryse oor die naweek hoër beweeg het en die rand wat onder die R7.80/\$ vlak gedaal het.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 1 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise


weeklikse verslag

Daar sal hierdie week op die Monetêre Beleidskomitee se besluit rakende die repokoers gefokus word. Beide VPIX en die PPI het sterk in Januarie en Februarie gestyg. VPIX het in Januarie tot 8.8% toegeneem en sterk tot 9.4% in Februarie. Daarteenoor het die PPI sterk gestyg tot 11.1% aan die einde van Februarie. Alhoewel hierdie stygings grootliks verwag was, het die data ook tegniese aanpassings ondergaan wat tot groter stygings as verwag aanleiding gegee het. Tegniese aanpassings in kredietverlening aan huishoudings was ook verantwoordelik vir die skerper as verwagte styging in hierdie syfer.

Indien Mnr. Tito Mboweni by sy woord hou, is 'n verdere rentekoersstyging in April byna onafwendbaar. Die rede is na aanleiding van sy uitspraak teen die einde van Maart dat die sogenaamde tweede-rondte uitwerkings VPIX verder opstoot en dat hoër rentekoerse ernstig oorweeg moet word. Die Februarie inflasie-X syfer het ongelukkig die vermoede bevestig.

Rentekoerssensitiewe inflasie (VPIX minus voedsel- en geadmistrateerde pryse) wat die sogenaamde tweede-rondte inflasie verteenwoordig, het met 5.7% in Februarie gestyg. Alhoewel dit nie 'n styging in die kategorie verteenwoordig nie, was dit ook nie 'n daling nie. Met inagneming daarvan dat die sterk styging in die petrolprys vir Maart en April (37.7% jaar-op-jaar styging) definitief nie-rentekoerssensitiewe inflasie verder gaan opstoot, gaan dit noodwendig ook 'n impak maak op rentekoerssensitiewe pryse.

Figuur 2: Nie-rentekoerssensitiewe en rentekoerssensitiewe inflasie



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

Alhoewel die ekonomie swakker presteer en verbruikers nog swaarder gaan kry, gaan die Reserwebank onder die versoeking bly om rentekoerse nog verder te verhoog. Hierdie versoeking gaan groter word soos wat inflasie verder gaan styg en die rand nog gaan verswak (wat opsigself ook inflasionisties is). Verdere rentekoersverhogings gaan binnelandse vraag verder verswak, maar kan die nodige kapitaal trek om die lopende rekeningtekort te finansier. Dit kan op sy beurt weer toekomstige druk op die rand en inflasie verlaag.

Indien die bogenoemde plaasvind, gaan die ekonomie sukkel om met meer as 3% te groei. Nieteenstaande behoort die Reserwebank tans bewus te wees dat eksogene en eksterne faktore inflasie aanblaas. In hierdie omstandighede is dit verkeerd om rentekoerse te verhoog, maar die Bank kan nie verkwalik word indien dit gedoen word nie, veral as internasionale geloofwaardigheid behou wil word.

Tabel 2: Vrstellingskedule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Verwag	Vorige
Apr 7	VSA	Verbruikerskrediet	Feb	\$6.0B	\$6.9B
Apr 8	VSA	Verwagte Huisverkope	Feb	-0.5%	0.0%
Apr 8	VSA	FOMK Notule	Mar 18	-	-
Apr 9	VSA	Groothandelvoorrade	Feb	0.5%	1.0%
Apr 9	VSA	Ru-Olie Voorrade	04/05	NVT	7317K
Apr 10	VSA	Nuwe Werkloosheidseise	04/05	NVT	407K
Apr 10	VSA	Handelsbalans	Feb	-\$57.4B	-\$58.2B
Apr 10	VSA	Tesouriebegroting	Mar	-\$80.0B	-\$96.3B
Apr 11	VSA	Uitvoerpryse uitsl-landbou.	Mar	NVT	0.5%
Apr 11	VSA	Invoerpryse uitsl-olie	Mar	NVT	0.6%
Apr 11	VSA	Mich Sentiment-Voorlopig.	Apr	69.4	69.5

Prof Chris Harmse
7 April 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiend uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.